


# Lonwabo se resepte




*Mihlali Khumalo*

*Sarah Rose de Villiers*

*Zandile Maxet Makina*

# Lonwabo se resepte

Hierdie boek behoort aan





bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

*Lonwabo se resepte*
*(Lonwabo's Recipes)*
Illustrated by Sarah Rose de Villiers
Written by Mihlali Kumalo
Designed by Zandile Maxet Makina
Translated by Anita van Zyl
with the help of the Book Dash participants in Grahamstown on 12 November 2016.

ISBN: 978-1-77632-566-5

Typeset in Quicksand, Josefin Sans


**This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).**

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.

# Lonwabo se resepte

*Mihlali Kumalo*
*Sarah Rose de Villiers*
*Zandile Maxet Makina*





Lonwabo is tien jaar oud.

Hy woon saam met
sy ma en sy ouma.



Lonwabo se ouma het
die pragtigste groentetuin,
en haar groente groei geil.



Hy help graag sy ouma
om onkruid uit te trek en
die groente nat te lei.



Lonwabo moet by die rivier gaan water haal. Maar hy is nie lui nie. Hy loop eers teen die heuwel af en dan weer op.




Hy loop verby sy maats wat sokker speel. Hulle lag hardop en sê vir hom: "Hoekom doen jy dit, Lonwabo? Dis mos meisies se werk. Ons sal dit nooit doen nie."




Lonwabo lag net en stap aan.

Hy loop en dink aan al die gelukkige tye wat hy saam met sy ouma in die tuin deurbring.







Wanneer hy hieraan dink,
vergeet hy hoe ver hy moet loop
en wat sy maats alles kwytraak.


Hy hou daarvan om
te raai hoeveel wortels daar in
elke bossie is nog voor sy
ouma dit uit die grond trek.






Lonwabo se ouma maak altyd vir hom middagete terwyl hy by die skool en sy ma by die werk is.

Elke dag as hy by die huis kom, staan sy kos klaar op die tafel vir hom en wag.



Hy trek eers sy skoolklere uit en gaan
sit dadelik by die tafel. Hy sê 'n gebedjie
en dan begin hy eet.







Sy ouma maak allerhande soorte
geregte vir hulle middagete.

Hy is dol oor sy ouma se heerlike kos.








Wanneer hy klaar geëet het, was hy sy bord, gaan haal 'n boek en potlood en gaan sit langs sy ouma.

Hy vra vir haar watter bestanddele sy gebruik het om sy middagete te maak. En dan skryf hy elke klein dingetjie noukeurig neer.




Eendag as hy groot is, dink hy,
gaan hy sy eie restaurant oopmaak.



Hy sal die restaurant na sy ouma vernoem en al
die geregte maak wat sy ouma vir hom maak.




EBHONGWENI



